NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 8 MEI 2013 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Admininstrasie]
Voorsitter, rdl C H H Hunsinger [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cleophas, J H	Humphreys, F S
Cloete, C M	Sedeman, A C
Geel, B W	Stemele, O M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen in ex officio hoedanigheid.

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter, rdl M van Zyl versoek 'n minuut van stilte in medelye met die families van konstable C Owies en me S Jacobs wat onlangs afgesterf het, waarna rdl B W Geel die vergadering open met gebed.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 6 MAART 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 6 Maart 2013 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 OORHANDIGING VAN SERTIFIKAAT VAN DAPPERHEID AAN MNR D G P SNELL

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen oorhandig 'n sertifikaat van dapperheid aan mnr D G P Snell, 'n werknemer in die Afdeling: Parke en Tuine wat op 22 Februarie 2013 'n gewapende rooftog gestuit en twee misdadigers aangekeer het.

VIR KENNISNAME

3.2 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT

Dat kennis geneem word van skrywes van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE: KWARTAALVERSLAG: JANUARIE TOT MAART 2013 (INGESLUIT DIE MAANDVERSLAG VAN MAART 2013)

Op navraag van rdl M Z Abrahams aangaande die oprigting van ‘n Sportsentrum by Riebeek-Wes, verduidelik die Munisipale Bestuurder dat weens die tanende aanvraag in sement, die PPC-fabriek op Riebeek-Wes nie uitgebrei gaan word nie. Die gevolg hiervan is dat die skenking deur PPC as deel van die “social development plan” nie vir die komende finansiële jaar sal realiseer nie.

Fondse ten bedrae van R900 000 is vanaf die Nasionale Lotery ontvang vir die opgradering van die krieketfasiliteit by die bestaande sportgronde op Riebeek-Wes. Met die oog op die ontwikkeling van die Riebeek-Wes Skougronde as nywerheidsgebied, is besluit om die R900 000 by te voeg by die skenking van PPC, maar aangesien lg. nie gou gaan realiseer nie en in ‘n poging om nie die fondse te verbeur nie, gaan die bestaande krieketfasiliteite wel opgegradeer word.

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7, 2/4/2)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)
5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direktoraat Finansiële Dienste vir Januarie tot Maart 2013 (ingesluit die maandverslag vir Maart 2013);

(b) Dat kennis geneem word van die mentors wat vir elke wyk aangestel is, as versterking van die kredietbeheerafdeling en aan wie die kredietbeheerbeamptes sal rapporteer indien probleme ondervind word;

(c) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste raadslede versoek om die mentors en kredietbeheerbeamptes te ondersteun in die uitvoering van hul pligte.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 NAVRAAG AANGAANDE DIE VERBRUIKE VAN GESUIWERDE RIOOLWATER (16/3/1/5)

Tydens die portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) van 6 Maart 2013 is daar ‘n navraag ontvang aangaande die verbruik van gesuiwerde rioolwater deur die onderskeie sportklubs en om die relevante inligting beskikbaar te stel.

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag wat ‘n uiteensetting gee van die verbruik van gesuiwerde rioolwater oor die 2011/2012 finansiële jaar en die verbruik tot en met Februarie 2013. Mnr Scholtz maak verder melding van ‘n addisionele meter wat by Darling Gholfklub geïnstalleer is om die lesings te verifieer.

6.1/...

Verder word raadslede se aandag gevestig op die komponente wat in ag geneem word met die samestelling van die tarief en hoe die gemiddelde tarief bereken word wat dan op alle sportklubs van toepassing is.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag aangaande die verbruike van gesuiwerde rioolwater deur die onderskeie sportklubs;

(b) Dat (op versoek van rdl F S Humphreys) ‘n vergadering met Darling Gholfklub belê word om uitsluitsel te kry oor die beweerde (nie skriftelike) ooreenkoms van sewe jaar gelede aangaande die benutting van gesuiwerde rioolwater deur die gholfklub en dat rdle F S Humphreys en M Rangasamy by die vergadering betrek word.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) C H H HUNSINGER
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Stanley, B J
Cleophas, J H	Van der Merwe, J I
Goliath, M S I	Van Zyl, M
Papers, C H	Wilskut, W
Rust, N J A	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen in ex officio hoedanigheid.

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:35 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C Fortuin.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 6 MAART 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 6 Maart 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE: KWARTAALVERSLAG: JANUARIE TOT MAART 2013 (INGESLUIT DIE MAANDVERSLAG VAN MAART 2013)

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die direkteure behandel die onderskeie verslae, en word –

BESLUIT/...

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Januarie tot Maart 2013 (ingesluit die maandverslag vir Maart 2013);

VERDER AANBEVEEL

(b) Dat (op versoek van rdl N S Zatu) die EPWP-verslag uitgebrei word om aan te toon die geslag van werknemers wat by die projekte betrokke is;

(c) Dat (op versoek van rdl N S Zatu) die doeltreffendheid van die werkswyse m.b.t. die vee van strate gemonitor word, aangesien sand wat uit strate opgevee word weer op sypaadjie teruggeplaas word, met die gevolg dat dit in die strate kan terugwaai.

BESLUIT VERDER

(d) Dat kennis geneem word van die voorsitter se mededeling dat geen items voortaan bespreek sal word (met verwysing na rdl N S Zatu se klagte aangaande die gedrag van ‘n amptenaar) wat nie op die agenda verskyn nie.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W	Sneewe, A M
Goliath, M S I	Stanley, B J
Hunsinger, C H H	Van der Merwe, J I
Papers, C H	Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen in ex officio hoedanigheid.

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 11:15 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle D B Philander en M Rangasamy.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 6 MAART 2013

BESLUIT
(op voorstel van A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 6 Maart 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

3.1 GELUKWENSING AAN DIE HOOF: GEMEENSKAPSONTWIKKELING, ME M HOLTZHAUSEN MET DIE VERWERWING VAN MBA-GRAAD

Die voorsitter, rdl M van Zyl wens me M Holtzhausen hartlik geluk met die verwerwing van die MBA-graad aan die Universiteit van Stellenbosch, sowel as met die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en –Strategie as uitvloeisel van haar studies (item 6.8 verwys).

VIR KENNISNAME

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE: KWARTAALVERSLAG: JANUARIE TOT MAART 2013 (INGESLUIT DIE MAANDVERSLAG VAN MAART 2013)

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)
5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste en die Direktoraat Ontwikkelings-dienste vir Januarie tot Maart 2013 (ingesluit die maandverslag vir Maart 2013).

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SWARTLAND MUNISIPALE POLISIEDIENS: KWARTAALVERSLAG, JANUARIE – MAART 2013 (7/1/2/2-3)

Die kwartaalverslag van die Swartland Munisipale Polisiediens word ooreenkomstig Regulasie 7 van die Regulasies vir Munisipale Polisiedienste soos afgekondig in terme van artikel 64P van die Suid-Afrikaanse Polisie Wet, 1995 opgestel en voorgelê aan die Provinsiale Minister van Gemeenskapsveiligheid, sowel die Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

BESLUIT

Dat die derde kwartaalverslag van die Swartland Munisipale Polisie vir die periode vanaf 1 Januarie tot 31 Maart 2013, goedgekeur word.

6.2 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 2366, MOORREESBURG (15/3/3-9) (WYK 1)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 2366 (groot ±2000m²) geleë te Alphastraat, Moorreesburg vanaf landbou-residensiële sone na begraafplaas.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word, omrede die moontlikheid mag bestaan dat die gedeelte grond te klein is vir die uitbreiding van die begraafplaas.

6.3 AFWYKING: ERF 1286, YZERFONTEIN (15/4/2-8) (WYK 5)

'n Bouplanaansoek is ontvang om die houtdek (± 31m² op eerstevloervlak) wat ongemagtig aangebring is aan die woonhuis, geleë op erf 1286, Dolfynlaan 15, Yzerfontein te wettig.

Ingevolge die Skemaregulasies van toepassing op Yzerfontein geld 'n 4m straat, 2m sy- en 2m agterboulyn vir erf 1286 wat as residensiële sone I gesoneer is.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die aansoek om afwyking op erf 1286, Yzerfontein ten einde af te wyk van die 2m kantboulyn na ±1,24m, soos aangedui op die bouplanne gemerk "B1" en "B2" ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 afgekeur word, weens die volgende redes:

(a) met in agneming van die posisie van die bestaande woonhuis op erf 1286, beskik die perseel oor voldoende spasie om die houtdek binne die boulyne te akkommodeer;

6.3/...

(b) die aangrensende en affekteerde eienaar weier toestemming vir die verslapping van die boulyn;

(c) dat, in beginsel word afwykings van boulyne op eerstevloervlak nie deur Swartland Munisipaliteit toegelaat nie.

6.4 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1083, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 10)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 1083 (groot 2974m²), geleë op die h/v Sarel Cilliers-, Geldenhuys- en Bergzichtstraat, Malmesbury vanaf enkelwoningsone na algemene woonsone ten einde 'n gastehuis met 4 slaapkamer te bedryf.

Geen besware is ontvang op die voorgestelde hersonering nie.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek om hersonering van erf 1083 (groot 2974m²), Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf enkelwoningsone na algemene woonsone ten einde 'n gastehuis te vestig, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING/BOUBEHEER

(a) dat die gastehuis binne die bestaande geboue akkommodeer word en die volgende fasiliteite sal bied:
  (i) 4 gastekamers;
  (ii) binne en buite leefareas;
  (iii) minstens 4 op-perseel parkeerruimtes ten opsigte van die gastehuis voorsien word soos aangedui op die ontwikkelingsplan. Die parkeerplekke moet voorsien word van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
  (iv) dat die parkeerareas prakties uitvoerbaar is;

(b) dat indien enige verbeteringe en of veranderinge ten opsigte van die voorgestelde gastehuisontwikkeling beplan word, moet die nodige bouplanne by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging ingedien word;

(c) dat die nodige aansoek om toerismetekens via die Toerismeburo aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word;

(d) dat die eienaar by Swartland Munisipaliteit aansoek doen vir 'n handelslisensie en by die Weskus Distriksmunisipaliteit die 'n geskiktheidsertifikaat;

A2 WATER

(a) dat die voorgestelde gastehuis van die bestaande aansluiting gebruik maak en dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(b) dat die voorgestelde gastehuis van die bestaande aansluiting gebruik maak en dat geen addisionele rioolaansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid sowel as die besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

6.4/...

(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op die oggend van verwydering;

A5 ELEKTRISITEIT

(a) dat Departement: Finansiële Dienste in kennis gestel word om die elektrisiteitstarief aan te pas vanaf residensieël na besigheid;

A6 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van dienste te kan voorsien dit vir die koste van die ontwikkelaar sal wees;

6.5 WYSIGING VAN DIE GRONDWET VAN DIE SHIRAZ ESTATE ONTWIKKELING, RIEBEEK KASTEEL (15/3/6-11, 15/3/3-11, 15/3/4-11) (WYK 12)

Die grondwet van die Shiraz Estate-ontwikkeling in Riebeek Kasteel is op 16 April 2008 deur die Raad goedgekeur.

'n Versoek is ontvang vanaf die Huiseienaarsvereniging vir die wysiging van die grondwet.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die aansoek vir die wysiging van die grondwet van die Shiraz Estate-ontwikkeling, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

6.6 RIGLYNE VIR DIE BEDRYF VAN HUISWINKELS IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE AREA (15/3/B) (ALLE WYKE)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat riglyne opgestel is na aanleiding van die bevindinge uit 'n opname na die aantal en tipe huiswinkels wat in November/Desember 2009 onderneem is.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

Dat die item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word, aangesien:

(a) die moontlikheid bestaan dat die Geïntegreerde Soneringskemaregulasies (tans by die Provinsiale Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning vir goedkeuring) binne die volgende paar maande goedgekeur gaan word, en dat die riglyne dan weer aangepas sal moet word;

(b) die aansoekfooi van R1 325,00 hersien moet word.

6.7 BEHUISINGSALLOKASIEBELEID (17/4/2/B) (ALLE WYKE)

Die Behuisingsallokasiebeleid is opgestel in ooreenstemming met die "Western Cape Provincial Framework Policy" van die Departement van Menslike Nedersettings om riglyne neer te lê vir die allokasie van begunstigdes vir gesubsidieerde behuising.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen)

Dat die item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word om die indeling/persentasies van allokasies vir nuwe behuisingsprojekte te heroorweeg.

6.8 SWARTLAND MUNISIPALE SOSIALE ONTWIKKELINGSBELEID EN -STRATEGIE (17/2/B) (ALLE WYKE)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, in samewerking met die Hoof: Gemeenskaps-ontwikkeling behandel die beleid en strategie soos gesirkuleer met die sakelys.

Die doel van die beleid is om rigting te gee aan munisipale sosiale ontwikkelings-programme ten einde die impak daarvan op die welstand van gemeenskappe te optimaliseer. Die fokus van sosiale ontwikkeling moet daarop gerig wees om soveel as moontlik vennootskappe te bou en met verskeie rolspelers oorleg te pleeg ten einde die “social fabric” soos verduidelik deur die Direkteur: Ontwikkelingsdienste te versterk.

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat finale goedkeuring verleen word vir die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en –Strategie, met inbegip van die kriteria vir assessering van sosiale ontwikkelingsprojek-aansoeke;

(b) Dat die interne sosiale ontwikkelingskomitee getaak word om die aksieplanne te finaliseer vir die implementering van die strategiese doelwitte;

(c) Dat die finale aksieplanne aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE